

Sing vooraf: Psalm 86:3 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 65:2 (p. 314)

- 2 Dis waar, 'n donker skuldverlede / leef in ons heugenis;
maar al ons ongeregthede / word deur U uitgewis.
Welsalig wie in skuld verlore, / versoeningswoord hoor ruis;
vir wie U uitkies, lank tevore, / 'n woonplek in u huis.

Skriflesing: Psalm 103

Teks: Psalm 103:3, 10, 12; Kategismus Sondag 51

Wat al jou ongeregtheid vergewe, wat al jou krankhede genees, (Psalm 103:3 AFR1953)

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregthede nie. (Psalm 103:10 AFR1953)

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. (Psalm 103:12 AFR1953)

In die tweede deel van die *Onse Vader* bid ons vir dinge wat die *hede* raak, naamlik *brood* op ons tafels.

Daarby bid ons ook om van die *verlede* af los te kom, want ons bid vir *vergifnis* van ons eie sondes asook dié sondes wat ander mense teenoor ons doen en wat ons hulle moet vergewe.

Dan is daar ook nog die element van die *toekoms* omdat ons ook bid vir bewaring van die bese.

Dit is vanselfsprekend dat ons gebed dat die Here ons sondes moet vergewe, in 'n sekere mate bepaal of ons verder mag bid dat die Here ons van die Bose moet verlos.

- Die rede is voor die hand liggend: Dis is alleen wanneer ons die Here in sy liefde kan en wil volg dat ons kan verwag dat Hy ons ook sal beskerm!
- Die Bybel openbaar op baie plekke dat die Here nie mense wat Hom haat en sy beeld in hulle skend, seën nie – Hy verdelg hulle uiteindelik.

Is dit nie dalk ook so dat die Here ons nog steeds laat lewe sodat ons by Hom tyd kry om tot bekering te kom nie? Hy gee ons daaglikse brood (hou ons aan die lewe) sodat ons nog tyd kry om in die regte verhouding met Hom kan kom.

Een van die dinge wat gebeur in die proses van bekering is dat ons ons sondes voor die Here bely. Daarom gee ons in hierdie preek aandag daaraan.

1. Skuldbelydenis voor God 2. Belydenis loop uit op genade

1. Skuldbelydenis voor God

In Psalm 103 is daar herhaaldelik sprake van die vergewende genade van die Here. In vers 3 stel die Here dit duidelik:

Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,
(Psalm 103:3 AFR1953)

In vers 10 leer die Here dat Hy sy kinders nie straf nie maar die sonde baie ver van hulle af verwyder:

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.
(Psalm 103:10 AFR1953)

Vers 12 sê dat die Here die straf so ver van ons af wegvat dat ons dit glad nie meer hoef te vrees nie!

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. (Psalm 103:12 AFR1953)

Dis presies wat ons almal graag wil hoor – maar dis die eindpunt van die pad. Tussen ons en hierdie vrypraak moet die hele pad eers geloop word!

- Daar is vergewing – vir dié wat belydenis van hulle sondes doen by die Here!
- Die vergewing is ook gekoppel aan opregte berou.
- Uiteraard kom belydenis en berou net voor by diegene wat 'n ware geloof het.

Om sondes te bely is 'n baie, baie moeilike ding vir 'n mens om te doen. Ons eerste aanslag is eerder om dinge wat ons verkeerd doen te probeer regverdig.

Vir enige mens om op die punt te kom waar hy bely hy is 'n ellendige sondaar – en te bedoel wat hy sê – beteken dat hy deur baie diep waters van selferkenning moes swem.

- Tog gebeur dit dat daar mense is wat hierdie punt bereik.
- Vanselfsprekend is dit net ware diep gelowiges wat tot op hierdie punt kan kom.
- “*Lipbelyers*” is daar heelwat onder die gelowiges, maar hulle werke sal iewers teen hulle getuig dat hulle belydenis en hulle lewens nie by mekaar aanpas nie.

Maar in die ware gelowige se belydenis gaan dit oor opregtheid voor die Here.

- Hy is iemand wat verstaan dat sonde inderdaad misdade teen God is.
- Hy verstaan ook dat ons vanself allerhande boosheid het wat deel is van ons menswees en geaardheid.

Dis ook 'n groot ding om te bely dat ons 'n inherente stuk boosheid in ons het, want ons geardheid is nie suiwer nie.

- As ons suiwer en heeltemal eerlik was, sou ons nie alewig oor dinge verskil het nie – dan sou ons eenders gedink en gedoen het.
- En dan sou daar nooit iets soos rusies en bakleiery gewees het nie.

Iemand wat huigel of eiegeregtheid is, sal nie in opregtheid voor God gaan staan en sy aangebore en natuurlike bose geardheid bely nie – juis omdat hy in sy eie onskuld glo.

- Die waarheid is dat selfs mense wat deur die Bybel heiliges genoem word, se lewens deurspek is met sondes.
- Maar hulle is ook mense wat in hulle opregtheid op hulle maag seil van berou as hulle die Here smeek om hulle hulle sondes te vergewe – soos Dawid na sy dinge met Batseba.

Daardie soort belydenis en berou word deur God die Heilige Gees bewerk.

- Die effek daarvan is dat die bidder sy skuld bely omdat hy werklik vergewing van sondes begeer!
- Daarom vergewe God dit dan ook.

2. Belydenis loop uit op genade

Hoe kan 'n mens wat nou al agtergekom het dat hy nie 'n volmaakte en regverdige lewe voor die Here kan lewe nie, voor God kniel en vir vergewing van sy sondes vra? Dit kom tog baie arrogant voor as iemand gereeld bly sonde doen, maar elke keer vir vergifnis bly vra!

Die waarheid is dat ons by die Here die genade kry om by ons eie swakhede en booshede verby te kan kyk en Hom in sy genade te sien!

- Dit gebeur juis omdat Hy Homself aan ons geopenbaar het in die Here Jesus Christus – en natuurlik deur die werk van God die Heilige Gees.
- As ons dus in ons sondesmet voor die Here neerkniel en ons sondes bely en vir genade smeek, is dit omdat ons dit doen op grond van die beloftes van God in die Here Jesus Christus.

Net soos wat God die Heilige Gees my oë oopmaak dat ek my eie sondes – en daarmee saam die straf van God oor sulke sondes – kan raaksien, net so maak Hy ook my oë oop dat ek my verlossing in die genadebloed van die Here Jesus kan sien!

Die Heilige Gees laat ons verstaan dat ons sondes gestraf moet word deur die Here.

- Maar Hy laat ons ook verstaan en glo dat God reeds die vergelding vir ons straf gekry het – omdat die Here Jesus dit aangebied en volbring het!
- Hy het met sy bloed ten volle betaal vir al ons sondes – daar bly niks oor wat nie gestraf is nie.
- Hy laat ons glo dat die Here Jesus elke dag as ons Voorspraak optree by die Vader en in sy bloed vir die vergifnis van ons sondes pleit.

Ons weet mos dat die Here openbaar dat Hy sy Seun gegee het om mens te word en al ons sondestraf te dra sodat daar vir ons vrypraak en verlossing kan wees!

- *Dis geweldig as ons eers so ver in ons geloof gevorder het dat ons verstaan dat God die Vader sy Seun (ons Here Jesus Christus) tot ongeregtheid gemaak het – Hy het Hom sonde gemaak sodat ons heilig en in God se geregtigheid kan staan!*

As ons na hierdie gebed “Amen” sê, het ons vrede in ons hart.

- Nie vrede omdat ons gebed het nie.
- Ons het vrede omdat God sy vrede in ons laat invloei – ons weet dat ons vry is van al ons sondesmet, en vry van sy ewige straf, omdat Hy ons liefhet deur sy Seun Jesus Christus. Daarom gee Hy aan ons die vrede van sy liefde en die ewige lewe wat daarmee saamhang.

Kom ons lees saam wat oor hierdie dinge in ons belydenis geskryf staan in die Heidelbergse Kategismus Sondag 51:

Vraag 126 Wat is die vyfde bede?

Antwoord *Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondears, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).*

(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 25:5 (p. 116)

- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 31 Januarie 2010